
**294 Meld my tong verborgenhede (Pange Lingua)**




Deur geboorte ons gegewe needrig soos ‘n sterweling,
onder mense was sy strewe, om die waarheid tuis te bring,
tot die einde van sy lewe en sy laaste foltering.

Daardie nag saam met sy eie twaalf wat Hy verkore het,
in die volheid van die tye vier Hy Pasga volgens wet.
Homself gee Hy voor sy lye met die hande wat ons red.

Vleesgeworde Woord, hoe magtig! Deur sy woord word brood ons Vlees,
wyn sy Bloed, ons is gedagtig dat wie deelneem rein moet wees.
Die geheim word ons deelagtig deur geloof en deur sy Gees.

*Die volgende twee verse word apart tydens Benediksie gesing.*
Daarom kom ons, voor Hom buigend, hierdie Sakrament vereer;
dit vervang, so sing ons juigend, skadutipes van weleer.
Van u dood vir ons getuigend, vier ons Avondmaal, o Heer.

Heerlikheid aan God die Vader immer deur die eeue heen;
en die Seun wat ons vergader is in ewigheid geseën;
Hom  die eer deur wie ons nader, met die Seun en Vader een.

St. Thomas van Aquino (1227-74) S. Webbe (1740-1816)